

Leerskool van die liefde

Wat is jou nalatenskap?

Oupa en ouma Sondag

1 Maart 2020

Inleiding en skriflesing:

1.

Vriende

Klein kindertjies is baie lief om met stempels te speel. Hulle kan vir ure daarmee besig wees. Dit fassineer hulle dat die stempel wat in ink of verf gedruk is die pragtige vorms en prentjies kan voortbring.

Jy moet hulle egter dop hou.

'n Kindjie wat besig is om met verf en 'n stempel te speel begin miskien op die papier wat jy voor hulle geplaas het. Dit vat egter nie lank vir hulle kreatiwiteit om oor te spoel na die tafel, die stoele, die banke en die mure van die huis nie. Sodra hulle elke moontlike oppervlakte gestempel het begin hulle hulself stempel en sodra hulle daarmee klaar is, word boetie of sussie die volgende kunswerk of teiken.

Vra maar vir my en Willemien, of enige ouers met kleuters. 'n Stempel en verf klink miskien na 'n wonderlike idee. Die wonderlike idee kan egter vinnig verander in prentjies op mure en jy met Handy Andy in die een hand en 'n skroplap in die ander.

2.

Gemeente.

Netsoos kinders hulself en die alles om hulle met 'n stempel kan beet kry so laat elkeen van ons 'n merk agter waar ons ook al gaan. Maak nie saak waar jy jouself in jou lewensloop bevind nie, jy het 'n stempel in die hand, en jy laat 'n merk agter op die mense en die wêreld om jou. Sonder dat ons dit aldag besef is ons stempel, ons vingerafdruk, op alles en almal.

- Kinders laat 'n merk op hulle skool, hulle juffrou en hulle maats.

- Volwasseenes, ouers, laat weer 'n merk op hulle kinders, hulle familie, hulle kolegas en die werksplek.
- Die is Oupa en Ouma Sondag vandag. En ja, grootouers se merk, se vingerafdruk, is op hulle kinders en kleinkinders.

3.

Die mooi woord hiervoor is jou nalatenskap.

- Jou nalatenskap is die merk wat jy op die mense en die wêreld om jou gemaak het.
- Jou nalatenskap is die impak, die invloed, wat jy het op die mense en die wêreld om jou.

Hierdie nalatenskap wat ons agterlaat verskil natuurlik grootliks van ons erflating. 'n Erflating dui op die dinge, die besittings, die geld wat ons aangee aan die mense wat ons opvolg. Nalatenskap dui eerder op die verhale, stories en waardes wat jy aangee aan die mens om jou.

Die nalatenskap, die waardes, wat jy soos 'n aflosstokkie aangee, het die potensiaal om vormend, rigtinggewend, opbouend te wees. Dit het die potensiaal om te inspireer.

Jou nalatenskap het ook natuurlik die potensiaal om te verwond en die mense om jou en na jou op 'n dwaalspoor te neem.

Vandag gaan ek aan elkeen, nie net die oupas en oumas 'n vraag stel:

- Wat is jou nalatenskap?
- Wat gaan jou nalatenskap wees?
- Gaan dit positief of negatief wees?
- Vorm jou stempel, jou afdruk, jou nalatenskap, die wêreld sodat dit 'n beter plek sal wees?
- Gaan jou nalatenskap die wat jou opvolg help om die dol en deurmekaar wêreld te navigeer?

Ons kan dit self 'n bietjie anders verwoord. Sou jy vandag **sterf**, sal jou storie, jou verhaal, mense **inspireer en aanmoedig om die beste weergawe van hulself te wees?**

Die vraag stel ek ook vandag aan ons **doopouers**:

- Wat gaan **Iwan en Jennie** se nalatenskap wees t.o.v. **Mia en Alex**?
- Wat laat hulle vir hulle na?

Om ons hiermee te help lees ons 'n teksgedeelte uit die Ou Testament. Ons lees 2 Konings 2: 1-15.

Prediking:

4.

Gemeente van ons Here Jesus Christus.

In die boeke **1 en 2 Konings**, wat eintlik **een boek** is, lees ons van drie verhale, wat eintlik maar net een verhaal is. 1 En 2 Konings volg die boeke van Samuel op wat die verhaal vertel van hoe David die koning van Israel word.

- Die eerste verhaal wat ons in 1 en 2 Konings vind is **die verhaal van die volk Israel** en hoe die volk in twee skeur en uiteindelik in Ballingskap weggevoer word.
- Die tweede verhaal waarvan ons lees handel oor al **die konings wat David opvolg**. Nie een van die konings, ook nie Salomo nie, Dawid se direkte opvolger, slaag om getrou in koning Dawid se voetspore te volg nie. Hier en daar is daar 'n ligpunt, maar oor die algemeen bedroef elkeen van Israel se konings die Here.
- Die derde verhaal wat ons vind handel **oor die profete wat God stuur om Sy wil aan die volk en aan die konings** van Israel te verkondig. Die profete se primêre doel was om seker te maak dat **Israel getrou aan die verbond bly**.

Drie verhale wat hand in hand loop, maar tog is dit net een verhaal, **die verhaal God se verhouding met Sy uitverkore volk**, en hoe Hy met die ontroue volk 'n pad deur die wêreldgeskiedenis loop.

Vir vandag se prediking **wil ek net fokus op die verhaal van die profete**. Die twee hoofkarakters is natuurlik **Elia en Elisa**.

5.

Die verhaal van Elia en Elisa begin in **1 Konings 19**. Nadat Elia die profete van Baal met die hulp van die Here verslaan het lees ons dat Elia vir Elisa opmerk daar waar hy besig is om te ploeg. Net daar en dan besluit hy om sy mantel oor Elisa se skouers te gooi. Daardeur word vir ons vertel dat **Elia Elisa as sy opvolger gekies het**. Soos hy as profeet van die Here teen oor Israel en die konings van Israel opgetree het moet Elisa as profeet optree nadat Elia nie meer daar is nie.

Van daardie dag het Elia en Elisa die profetiese-pad saam geloop. Ons kan dit amper as 'n **internskap** verbeel. Orals het Elisa saam met Elia gegaan en gesien en geleer wat Elia doen. Hy het nie net **vaardighede** opgetel by Elia nie, maar ook iets baie meer kosbaar. **Elisa het gesien hoe werklike, lewende, diepgaande verhouding met God lyk**

In die teksgedeelte wat ons vandag geles het spring ons na die **einde van die pad wat Elia en Elisa saamgeloop het**. Ons lees in die teksgedeelte van **Elia se dood** en hoe Elisa finaal sy **profetiese-mantel op sy skouer oorneem**.

6.

Neem ons die tema vir vandag se diens in gedagte wonder 'n mens dadelik wat die karakter en aard van Elia se **stempel of nalatenskap was ten opsigte van Elisa**.

- Watse impak het Elia op Elisa se lewe gehad?
- Was Elia se nalatenskap positief, opbouend, rigtinggewend?
- Het Elia se lewe as voorbeeld vir Elisa gedien toe Elia nie meer daar was nie?

Ongetwyfeld kan ons antwoord dat Elia 'n massiewe impak op Elisa gehad het.

- In Elisa se navolging van Elia het Elisa sekerlik gesien hoe **Elia die taak as profeet van God verrig**.
- Elisa het sekerlik gesien hoe Elia **getuig en profeteer** teenoor die magtiges van Israel.
- Elia het gesien hoe 'n **eerbare wandel, 'n lewe van integriteit** lyk.

- Ek dink egter die belangrikste ding wat Elisa by Elia gesien het, is hoe 'n mens in **verhouding staan met die lewende God van Israel**.

Elia se nalatenskap was dus positief en opbouend. Die nalatenskap was rigtinggewend. Die nalatenskap van Elia het as voorbeeld gedien vir Elisa toe Elia nie meer daar was nie. Aan die hand van die nalatenskap kon Elisa die taak van profeet met oorgawe uitleef teenoor Israel. Aan die hand van Elia se nalatenskap kon Elisa met integriteit, as eerbare persoon, in 'n lewende verhouding met God staan.

Ons kan met sekerheid sê dat Elia se nalatenskap Elisa se lewe gevorm het aan die hand van hoe Elisa dan voortgegaan het as profeet. Drie dinge dui op Elisa se waardigheid om Elia se mantel te dra.

- Eerstens kon hy, soos sy voorganger, op droë groot deur die **Jordaan rivier loop**.
- Tweedens **buig die ander profete voor Elisa** en erken dat Elia se outoriteit, sy gees, nou op Elisa is.
- In die derde plek kan ons dit sê omdat **Elisa 14 wonders verrig waar Elia net 7 gedoen het**. Aan die hand van die 14 wonders weet ons dat 'n **dubbele deel van Elia se gees** wel toe op Elisa neergekom het.

7.

Elia se nalatenskap is omvangryk en verrykend. Juis daarom het dit Elisa geïnspireer om die mantel van profeet op te neem. **Daarom word Elia vandag nog as een van die grooste profete van God beskou.**

Vriende, hopelik sal die verhaal van **Elia en Elisa ons ook help in ons nadenke oor Jesus.**

Deurdat ons glo het ons **erfgename** van God geword en daarom word elkeen van ons, saam met Jesus, erfgename van God. Paulus bevestig dit vir ons in Romeine 8. Omdat ons erfgename van God is, kan ons God, **Abba Vader** noem. Omdat ons saam met **Jesus erfgename van God is erf ons 'n die vergifnis van sonde en die lewe saam met God vandag en vir altyd**. Jesus het ons erfporsie bewerk aan die kruis. Dit het hy vir ons gedoen omdat Hy liefde is, omdat Hy genadig is.

Dit is egter net die eenkant van die munt. Jesus het **nie net 'n erfporsie vir ons aan die kruis bewerk nie, maar ook 'n nalatenskap vir ons gelos.** Jesus het Sy vingerafdruk, Sy stempel is op elkeen van ons gelaat. Sy lewe dien as voorbeeld, as rigtingwyser, vir elkeen wat Hom of haar 'n kind van die Here noem.

Wat is Jesus se nalatenskap? Wel, indien Elias se nalatenskap ten opsigte van Elisa was hoe om 'n profeet van die Here te wees, **kan Jesus se nalatenskap net een ding wees en dit is die liefde.**

Jesus se merk wat Hy op die mense en die wêreld om hom gemaak het, was die wyse waarmee Hy met **liefde** teenoor **ieder en elkeen** geleef en gehandel het. Sy nalatenskap is te vinde in die feit dat hy met **liefde**, uit Sy eie keuse, na **kruis** namens jou en my geloop het.

8.

Gemeente.

Soos Elia vir Elisa geroep het om hom te volg, so roep Jesus elkeen van ons om Hom elke dag te volg in die geloof. Soos Elia sy **mantel**, die aflosstokkie, aan Elisa gegee het, **so vra Jesus ook vir ons om sy mantel op te neem en na die wêreld te gaan as Sy getuies en dissipels.**

Dit kan ons doen omdat ons aan die eenkant **dankbaar is vir die erfporsie wat Jesus vir ons gelaat het.** Omdat ons sonde vergewe is en ons in 'n nuwe, lewende verhouding met God staan neem ons Jesus se mantel op ons eie skouers.

Jesus se **nalatenskap wat hy vir jou en my los, sy voorbeeld, wys ons hoe ons die mantel moet dra.** Indien Jesus se nalatenskap die liefde is, kan ons die mantel van Christenskap slegs in liefde teenoor onself, ons naaste en die vreemdeling dra.

9.

Vriende, ek sluit af.

Ons het gekyk na Elia se nalatenskap. Ons het vandag gekyk na Jesus se nalatenskap.

- Aan die begin van die erediens het ons gevra wat jou nalatenskap is.
- Hoe lyk die stempel, die merk wat jy agter laat?

- Wat sal die mense van jou sê indien jy nie meer daar is nie en sal dit as voorbeeld dien?

Persoonlik sal ek wil hê dat mense van my sal **sê dat hulle iets van Jesus se liefde in my doen en late beleef het.** Ek hoop dat hulle van my sal sê: *Hy het met Jesus se liefde geleef, hy het die verkillende gesigte van die liefde na sy geliefdes en die vreemdeling gedraai. Hy het sy liefde getoon deur vriendelik te wees, deur geduldig te wees, deur te vergewe deur nederig te wees.*

Ek hoop dit sal my nalatenskap wees. Ek kan maar net bid en vir die Here vra dat ek waardig sal wees om Jesus se mantel oor te neem. Ek kan maar net bid en vra dat my nalatenskap as voorbeeld sal dien.

As Christene, as mantel-draers van Christus, **behoort ons nalatenskap niks minder en niks meer as die liefde te wees nie.** Wat ek vir myself hoop is netso ook my hoop vir julle. Mag julle nalatenskap die liefde van Jesus wees.

Amen